



Geopende Deure

Diens aan vervolgte **Christene** wêreldwyd

FRONTLINIE GELOOF



**Sien hoe jy
gelowiges oplei om
sterk te staan en die
Ewangelie te deel**

>>

Vervolg  **Maar nooit alleen.**

**SEPTEMBER
2019**

Jy lei gelowiges soos Anh op om sterk te staan, p. 2 | Wêreldwaarnemingslys: Viëtnam, p. 3 | Ananda sê: "Jy sal nooit weer dieselfde wees nie", p. 4 | Vervolgde kinders in China weet dat hulle nie alleen is nie, p. 5 | Korea se geskiedenis wys hoe vervolging geloof kan aanvuur, p. 6 | Jou 2018-Impakverslag, p. 8-11

Jy lei gelowiges soos Anh op om sterk te staan

Sy is toegerus vir die uitdagings om die Evangelie in Viëtnam te deel

Anh* van Viëtnam het geen idee gehad wat sy sou moes verduur toe God haar geroep het om die Evangelie na 'n ander deel van haar land te neem nie. Maar sy het geweet dat daar risiko's is en dat Hy besig was om haar voor te berei vir die komende storm.

Voordat Anh haar bedieningswerk begin het, het sy *Standing Strong Through the Storm (SSTS)*, 'n Geopende Deure-opleidingsprogram, bygewoon, wat vriende soos jy help voorsien. Hierdie opleiding het haar gehelp om 'n Bybelse perspektief op vervolging te kry en het haar geloof versterk.

Toe 'n godsdienstige kultus in haar provinsie wortelskiet, was plaaslike ouers bekommerd oor die lering van Anh se kerk. Een jong kerklid het sy Bybel in die geheim by die huis gelees, maar sy pa het hom gesien en het dit aan die owerhede gerapporteer.

"Later daardie aand, tydens ons Bybelstudie, het plaaslike owerhede gekom en ons ondervra... Hulle het ons aangesien vir die godsdienstige kultus," het Anh gesê.

Daardie nag, terwyl vyandige regerings-offisiere hulle ondervra het, het die Here Anh en haar medewerkers in staat gestel om sterk te staan. Die owerhede het Anh se boeke en materiale bestudeer om te probeer foutvind met dit waarmee hulle besig was. Maar hulle sterk opposisie het nie Anh se geloof verswak nie...

"Ek het vir hulle gesê, 'Omdat ek in Christus glo en Sy volgeling is, wil ek net ander van Hom vertel. Ek weet dat God se liefde vir almal is.'"

Dankbaar vir jou ondersteuning, sê Anh:

"Ek dank God nog meer vir die Standing Strong Through the Storm-kursus nadat ek vervolging van die plaaslike owerhede verduur het. Die kursus het my gehelp om bewus te wees van die realiteit van vervolging. Dit het my toegelaat om kalm en braaf te wees. Dis hoekom ons vriendelik kon bly terwyl die regeringsoffisiere ons vervolg het. Ek was selfs in staat om die Evangelie met hulle te deel."

Dankie dat jy hierdie opleiding moontlik maak om baie vervolgte Christene soos Anh te help om sterk te staan in hul geloof ten spyte van toenemende teenstand! ☺

*Naam verander vir sekuriteitsredes.



VIËTNAM

RANG #20 | WWL PUNTE 70

Streek Suidoos-Asië

2019 Wêreldwaarnemingslys
 #20 uit die top 50

Bevolking 96,491,000
 (slegs 8.8% is Christene)

Meerderheidsgeloof Boeddhisme

Regering Kommunistiese Staat

Bronne van Vervolging
 Kommunistiese en post-
 Kommunistiese verdrukking

BID

- + Dat God die geloof van nuwe gelowiges in Viëtnam sal opbou, veral die van etniese minderhede
- + Vir veiligheid vir Geopende Deure-werkers wat Bybels namens jou aan gelowiges versprei
- + Dat die Heilige Gees regeringsleiers sal beweeg om minder streng te wees in die beperkinge op die Christen-minderheid




WÊRELDWAARNEMINGSLYS

www.opendoors.org.za/afr/wwl


Druk



Geweld



Viëtnamese mense wat Jesus volg word as verraaiers van hul kultuur en identiteit gesien. Hulle staar teistering, gewelddadige aanvalle en sosiale uitsluiting in die gesig. Dorpenaars span saam met plaaslike Kommunistiese owerhede om gelowiges te slaan, uit hul dorpie te skop en plekke van aanbidding tydens byeenkomste met klippe te bestook. Nie-Christen familieledes sny dikwels familiebande en weier erfporsies. Plaaslike en nasionale regeringsowerhede vervolg die Christenminderheid deur hulle wette, en Christen-blogsrywers en politieke aktiviste is al gearresteer en gevonnissen vir die uitdrukking van hul oortuigings. Verder word Christene van etniese minderhede deur die regering as verdag beskou omdat hulle mense histories aan die Amerikaanse kant van die Viëtnam Oorlog geveg het en word daarom as kwaadstokers gesien.



Ananda sê:

'JY SAL NOOIT WEER DIESELFDE WEES NIE'

nadat jy jou hart oopmaak om 'n Geopende Deure-vennoot te word



Ananda, een van Geopende Deure se gebedsvennote, het onlangs aan ons geskryf hoe baie die vervolgte Kerk haar lewe aangeraak het...

"Ek wil net sê, met trane in my oë... dat ek nog nooit soveel seer in my hart en soveel liefde en sorg gevoel het sedert ek 'n gebedsvennoot geword het van Geopende Deure nie. (Nadat ek verlede jaar met goddelike liefde aangeraak is en vrygemaak is.)

"Wanneer ek in ernstige gebed tree vir hierdie vervolgte Christene, vloei die trane soos my hart breek wanneer 'n mens besef waardeur hulle moet gaan. Wat my regtig baie diep raak is hoe baie Moslems in die wêreld nie die Here ken nie. Nie my kop of hart kan dit begryp nie. Elke keer wanneer dié gedagte deur die dag by my opkom, rol die trane oor my wange, want hierdie mense weet nie wat eendag vir hulle wag nie. As ek so moet voel, kan ek my nie eers indink hoe Jesus se hart moet voel nie, wie Sy lewe met soveel liefde en pyn gegee het. En wanneer mens uiteindelik Sy liefde verstaan, kan 'n mens nie anders as om hulle lief te kry nie.

"Dit is soos [julle verteenwoordiger], Morné, verlede jaar aan my gesê het toe hy ons kerk in Nylstroom kom besoek het, dat [as jy eers 'n Geopende Deure-vennoot word]... 'Sal jy nooit weer dieselfde wees nie.'"

Dankie dat jy saam met Ananda en so baie ander vir ons vervolgte broers en susters bid en hulle ondersteun!

SKRYF
aan Geopende
Deure soos
Ananda het

Ons sal graag van jou wil hoor!

Ons wil jou nader aan jou broers en susters bring!

Skryf dus aan ons en vertel ons hoe die vervolgte Kerk jou aangeraak het, of wat jy in jou nuusbriewe en kommunikasie sal wil sien. Jy kan ook vir ons jou gebed vir die vervolgte Kerk stuur. Epos ons by southafrica@od.org of pos jou brief aan **Geopende Deure, Posbus 1771, Cresta, 2118**, met jou onderwerp of opskrif: *My Nuusbrieff-Terugvoer*.

Vervolgde kinders in China weet dat hulle nie alleen is nie, te danke aan jou!



Verteenwoordigende foto gebruik.

Pastoor Jacob* verduidelik hoekom kinders en tieners onder 18 in China, per die wet, verbied word om h kerkgebou binne te gaan of deel te neem aan kerkaktiwiteite:

“Die Kommunistiese Party wil hê dat jongmense moet glo dat Christenskap h ’buitelandse’ godsdiens is en dat Westelike magte probeer om China te infiltreer agterop godsdienstige lering. Dit is hoekom beperkinge op hulle geplaas is.”

In tradisionele Chinese kultuur, sê hy, moet baie jongmense ook die druk hanteer wat gepaard gaan met die *“lof of skande gebaseer op hulle prestasie. Dit is h lewe van voorwaardelike liefde.”*

Verbasend keer baie jongmense hulself tot Christus omdat *“hulle God se onvoorwaardelike liefde ervaar, en gewaardeer en hooggeag voel.”*

Party skoolonderwysers waarsku kinders egter dat as hulle Jesus volg, hulle dalk verhoed sal word om te gradueer. Dit skep h vreeslike stryd in die harte van jongmense. Hulle vind dit moeilik om te kies tussen die vrede om te leef in die waarheid van wie hulle werklik is, en die moontlik straf aan die hande van hul onderwysers en ouers. As hulle erken dat hulle Jesus volg kan hulle alles verloor waarvoor hulle so hard gewerk het. Om die koste te bereken om Jesus te volg is hier nie net woorde nie, dit is h realiteit wat baie jong gelowiges moet verduur.

Dit is net een rede waarom jou ondersteuning so belangrik is en baie gewaardeer word. Pastoor Jacob sê, *“Ons vertel ons jeug dikwels hoe h hele leër van gelowiges om die wêreld daagliks vir ons bid... Die kinders is h produk van julle gebede.”*

Ons is ook dankbaar dat jy help om baie leke leiers soos pastoor Jacob op te lei sodat hulle die uitdagings van jeugbediening in China kan aanpak en weet dat hulle nie alleen is nie. Hy vertel dat die opleiding hom *“h gevoel van solidariteit gegee het en nuwe moed laat skep het.”*

Jou vennootskap help om die volgende generasie van gelowiges in China te bemoedig. Dankie!

*Naam verander vir sekuriteitsredes.

Korea se geskiedenis wys hoe vervolging geloof kan aanvuur

As jy na die Kerkgeskiedenis wêreldwyd kyk is daar 'n patroon wat duidelik word – namate meer mense tot geloof kom, neem vervolging toe. Maar vervolging kan ook die geloof aanvuur!

Ten spyte van die ergste vervolging wat die wêreld nog gesien het, oorleef Christenskap steeds op die Koreaanse skiereiland. In Suid-Korea is daar ongeveer 14 miljoen Christene wat God openlik aanbid. En in Noord-Korea is daar 'n geraamde 200,000 tot 400,000 gelowiges wat Christus in die geheim volg.

Dit is ook te danke aan brawe gelowiges soos jy wat, deur die jare, geloof aan die lewe hou...

1603 Koreaanse diplomaat, Yi Gwang-Jeong, versprei teologiese boeke uit Beijing.

1758 Katolisisme amptelik verbied as 'n "bose praktyk".

1785 Rooms-Katoliek, Yi Seung-Hun, bring Roomse oortuigings terug na Korea.

1801 Yi en 300 ander Rooms-Katolieke sterf 'n marteldood.

1866 8,000 Rooms-Katolieke word doodgemaak vir hul geloof, insluitende 9 Franse monnike. 'n Nuwe kerk word gestig nadat Koreane bladsye van Robert J. Thomas ('n sendeling) se Bybel lees, wat deur sy moordenaar as muurpapier gebruik is.

1884 Eerste Protestante Kerk word gestig deur Seo Sang-Ryu, en die eerste buitelandse Protestante sendeling, Horace Newton Allen, betree Korea.

1903–1906 Die Wonsan-Herlewing is die eerste herlewing in Korea.

1907–1910 Die Groot Pjongjang Herlewing vind plaas.

1910–1945 Japan beslaan Korea. Koreane, insluitende Christene, word geleidelik forseer om by die Japanese keiser se altare te aanbid.

1945 Die Sowjetse en die Geallieerde Magte oorwin Japan. Die Sowjetunie vestig 'n (tydelike) regering in die noorde en die Geallieerde Magte een in die suide.

1948 Eerste verkiesings vind plaas in Suid-Korea. "Oorlogsheld" Kim Il-Sung word leier van die noorde waar hy dit in 'n Kommunistiese staat verander met min tot geen plek vir godsdiens.

1950–1953 Tienduisende Christene sterf in die Koreaanse Oorlog.

1953–1990s 'n Persoonlikheid-kultus word rondom Kim Il-Sung geskep en die fascistiese Juche-ideologie word begin – Christenskap in die land word verbied. Baie Christene word vermoor, gevange geneem of na afgeleë areas verban.

1990s–2011 Kim Il-Sung word opgevolg deur sy seun Kim Jong-Il. Hy brei die omskolingskampe en kampe vir politiese gevangenes geweldig uit. Gedurende die hongersnood van die 1990's ontsnap baie na China en keer terug met kos en die Evangelie, wat 'n massiewe groei van die geheime Kerk in Noord-Korea tot gevolg het.

2011–vandag In 2011 word Kim Jong-Un (nog in sy 20s) die leier na sy pa se afsterwe. Hy regeer met 'n ystervuis wat die vervolging teen Christene verskerp.

Jy skyn die lig van God se liefde in Noord-Korea

Ten spyte van die gevare, help jy die geheime Kerk hier om te groei



**“Ons is so bemoedig deur [julle] gebede...
Ons is geroep om Sy lig
in ’n tyd soos hierdie te
versprei.”**

As ’n mens kyk na die intense vervolging wat Christene in Noord-Korea alleen in die laaste eeu verduur het, is dit ongelooflik dat ’n lewendige Kerk steeds hier bestaan. Dit is duidelik dat God ’n wonderbaarlike werk doen in hierdie verdrukte nasie.

Hier word Christene nie toegelaat om vrylik oor hul geloof te praat nie. Ouers kan nie eers hul geloof met hul kinders deel nie uit vrees dat hulle uitgewag sal word. Die afstammelinge van Christene staan onoorkomelike sosiale struikelblokke in die gesig omdat hulle met suspisie dopgehou word vanweë ’n beginsel van verbintenis-skuld.

Een kerkleier het aan Simon* (Geopende Deure se koördineerder vir Noord-Koreaanse bedienings) gesê dat die manier waarop Noord-Koreane vir hul land bid verander het, te danke aan die gebedsveldtog van Geopende Deure-vriende soos jy:

“Ons is so bemoedig deur [julle] gebede dat ons nou die gebed van koningin Ester bid. Sy was geroep ‘met die oog op ’n tyd soos hierdie’, soos Mordegai aan haar gesê het. Dit is ook op ons van toepassing. Ons is geroep om Sy lig in ’n tyd soos hierdie te versprei en in dié moeilik omstandighede. Ons ervaar dat God hierdie vervolging gebruik om Sy Kerk te heilig en is dankbaar dat ons in ons swakheid Sy krag ontvang. Ons bid dat ons in staat sal wees om Sy wil in elke situasie te doen. En as ons omkom, dan kom ons om.”

Prys God vir die Noord-Koreaanse Kerk se moed. En dankie vir jou ondersteuning van hulle sodat God se Koninkryk hier kan bly groei.

*Naam verander vir sekuriteitsredes.

JOU 2018-IMPAKVERSLAG

Sien hoe jou gebede en geskenke aan vervolgte gelowiges bewys het dat hulle nooit alleen is nie!

BYBEL- EN
CHRISTELIKE
LITERATUUR
VERSPREIDING

Jy het God se Woord in die hande van geïsoleerde gelowiges geplaas



Verteenwoordigende foto gebruik.

Jou vennootskap het gehelp om te verseker dat Bybelverspreiding die hart bly van Geopende Deure se bediening in 2018. Want watter beproewinge ook al gelowiges in die gesig mag staar, bring God se Woord nuwe krag, ware waagmoed en ewige troos.

In baie streke is die Bybel steeds 'n verbode boek. Maar te danke aan vriende soos jy, kon baie geïsoleerde Christene vir die heel eerste keer toegang tot die Skrif kry.

En in daardie nasies waar uiterste vervolging aan die toeneem is, het jy gehelp om tallose gelowiges se gebede te beantwoord deur hulle van God se Woord te voorsien, ten spyte van die beperkings en risiko's.

Broer Han, van een ontoeganklike nasie in Asië, praat namens almal wat jy op hierdie wyse geseen het gedurende 2018: *"Baie, baie dankie. Ek droom al so lank om 'n Bybel te hê!"*

"Baie, baie dankie. Ek droom al so lank om 'n Bybel te hê!" – Broer Han, Asië

Totale # Christelike Hulpbronne wat Jy Help Versprei Het in 2018: 2,023,093



Verteenwoordigende foto gebruik.

“Ek wil my vaardighede ontwikkel vir Sy heerlikheid.” – Akeem, Moslemwêreld

Jy het die Kerk versorg deur dissipelskap en opleiding

Wanneer die storms van vervolging toeslaan, benodig ons broers en susters 'n vaste fondasie om sterk te staan. Deur Bybelgebaseerde opleiding, het jy gelowiges gehelp om diep wortels te skiet in God se Woord – sodat hulle sterk in die geloof kan groei.

In 2018 het jou ondersteuning gehelp om omvattende programme te voorsien, insluitende noodsaaklike dissipelskap- en mentorskapprogramme, traumaberading en pastorale leierskapsontwikkeling – alles ontwerp om die Kerk te versorg en te versterk, veral in die mees ontoeganklike nasies waar opleidingsgeleenthede skaars is of selfs nie bestaan nie.

As 'n jong bekeerling, wat onder 'n streng Islamitiese regime leef, het Akeem min hulpbronne om hom te help om sy pastorale gawes te ontwikkel. Maar te danke aan vriende soos jy was hy in staat om gefokusde leierskapsopleiding in 'n naburige land by te woon.

“Ek lees die Bybel baie, en ek delf dieper en dieper,” sê Akeem. “Ek wil my vaardighede ontwikkel vir Sy heerlikheid.”

Totale # Christene wat aan Dissipelskap en Opleiding Deelgeneem Het in 2018: 570, 702

Jy het die troos van Christus gebring aan die in groot nood



Verteenwoordigende foto gebruik.

"Julle bemoedig ons, want julle deel in ons lyding." – Nicholas, Noordelike Kameroen

Ons vervolgte broers en susters benodig meer as net praktiese bystand. Hulle het nodig om te weet dat hulle nie hul moeilike pad alleen hoef te stap nie.

Deur jou vennootskap bemagtig jy Geopende Deure se medewerkers om die hande en voete van Jesus te wees – deur die bediening van troos en liefde in die vorm van persoonlike besoeke en gebed. En deur jou gebede en ondersteuning het jy nuwe krag aan so baie gegee, en hulle gewys dat hulle nooit alleen is nie en dat hulle geliefd is deur God – en deur jou.

"Vir die wat ons in gebed ondersteun, mag God [julle] seën. En julle wat kom om ons te sien en van aangesig tot aangesig met ons te praat... dit bemoedig ons, want julle deel in ons lyding," sê Nicholas, 'n onttortelde gelowige van Noordelike Kameroen.

Christene Bygestaan Deur Teenwoordigheidsbediening in 2018: **22,035**

VOORSpraak

Jy was 'n stem vir die sonder 'n stem



Verteenwoordigende foto gebruik.

"Geopende Deure het die onkoste van my prokureur betaal wat my saak verdedig het." – Dinke, Ethiopië

In lande waar Christene verdruk en op die kantlyn geskuif word, gaan onreg teenoor gelowiges dikwels ongemerk. Maar jou ondersteuning het gehelp om dit reg te stel deur regsbystand te voorsien aan Christene wat andersins geen manier sou hê om hulself te verdedig nie.

"Die Here het my baie gehelp deur [julle ondersteuning]," vertel Dinke van Ethiopië. *"Toe my man alles van my geneem het, het Geopende Deure die onkoste van my prokureur betaal wat my saak verdedig het. Ek kon my huis en land, my kinders se erfenis, terugkry."*

Verder het jou vennootskap ook internasionale veldtogte en petisies aangevuur om opspraak te maak rakende kwessies van onreg en verdrukking – om 'n stem te gee aan die wat nie vir hulself kan praat nie.

Totale # Christene wat Deur Voorspraak Inisiatiewe Gehelp is in 2018: **51,369**

Jy het swaar belaste gelowiges bemagtig om vir hul families te voorsien

Jou ondersteuning het gehelp om baie arm en verstote Christene toe te rus om selfonderhoudend in 2018 te word. Deur klein lenings, geletterdheidsopleiding, en mikro-ondernemings, het jy nie net gehelp om vir baie families die vermoë te gee om hulself te ondersteun nie, maar het jy ook hulle hoop en waardigheid herstel.

Sedert Beena se familie tot geloof in Christus gekom het in landelike Indië, het hulle vurige teenstand ervaar – en 'n moordaanslag is op haar man gemaak. Baie Indiese families soos Beena s'n is geforseer om hul huise en dorpie te verlaat – dis hoekom hulle so dankbaar is vir vriende soos jy wat ingetree het om hulle te help om 'n nuwe bestaan te begin voer.

Beena vertel, *“Ons het deur die dal van doodskaduwee gegaan, en God het ons bewaar.”*

Totale # Christene Bygestaan Deur Sosio-ekonomiese Projekte in 2018: 372,394



“Ons het deur die dal van doodskaduwee gegaan, en God het ons bewaar.”

– Beena, Indië

VANUIT JAN SE PERSPEKTIEF

Beste vennoot van die vervolgte Kerk,

Kommunisme was veronderstel om deur die hele wêreld te versprei. Gedurende die twintigste eeu was ongeveer een derde van die wêreld se populasie onder Kommunistiese beheer. Maar vandag is daar slegs vyf Kommunistiese State oor – vier in Asië is en een in Latyns-Amerika. Dit is Noord-Korea, Viëtnam, China, Laos en Kuba.

Van my mees onvergeetlike besoeke aan vervolgte gelowiges was in Kommunistiese Asië. Hier het ek my helde van die geloof ontmoet. Een so man was pastoor Samuel Lamb wat vir 21-jaar in die tronk was omdat hy nie wou ophou om die Evangelie te verkondig nie.

Op 'n besoek aan sy huiskerk het ek hom gevra of hy ooit eensaam gevoel het in die tronk, waarop hy geantwoord het:

"Ja, maar ek het nooit alleen gevoel nie."

In Ander kerkleier in Viëtnam, toe hy besoek is deur 'n Geopende Deure-medewerker wat verskeie geskenke vir die kerk gebring het, het gesê:

"Ons grootste geskenk is dat jy hier is. Nou weet ons verseker dat ons nie vergeet is nie. Ons voel dikwels eensaam, maar God is altyd met ons. Jou besoek beteken meer vir ons as die geskenke wat jy gebring het. Dankie dat jy gekom het."

Vriend, wanneer jy vir 'n vervolgte gelowige skryf of hul ondersteun, help jy om hulle te herinner dat hul nooit alleen is nie.

Namate jy deur hierdie maand se *Frontlinie Geloof* lees, bid ek dat jy geseënd sal wees wanneer jy sien hoe jou ondersteuning jou vervolgte broers en susters help om sterk te staan. Dit is vir hulle 'n ontsaglike seën om te weet dat jy saam met hulle staan.

Dankie vir jou vennootskap om God se Koninkryk uit te bou waar geloof die meeste kos!

Saam in Sy diens,



Jan Gouws
Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika



Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341

F +27 11 888 9362

E southafrica@od.org

I www.opendoors.org.za



Open Doors South Africa

Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors, ABSA - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568**
Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552

Bankbesonderhede: Namibië, **Open Doors Namibia, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**

(Faks asseblief die bewys van betaling na: +27 11 888 9362)

Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.

Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandré by milandreh@od.org

REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho